

**11 Mei**

**Skrifgedeelte: Handeling 11:1-18**  
**Fokusgedeelte: Handeling 11:18**

### **Insig bring blydskap**

Nie net Petrus nie, maar die hele gemeente van Jerusalem het met vooroordele geworstel. Petrus het skaars in Jerusalem aangekom toe die Joodse gelowiges hom verwyd het oor die feit dat hy hom met hierdie heidene bemoei. Hy het hulle egter sorgvuldig vertel van die nagtelike gesig wat hy gehad het, asook van die besondere ontmoeting met Kornelius. God het egter die deurslag in die saak gegee toe Hy dieselfde gawe van Pinkster, die Heilige Gees, op hierdie mense laat kom het. Daarmee was daar onweerlegbare getuienis dat ook hierdie mense in die geloof deel gekry het aan die verlossing in Jesus Christus. Hulle is deur God se Gees in die kerk van die Nuwe Testament ingelyf. Daarmee was die gemeente tevrede. Hulle het die Here geprys oor hierdie genadige handeling waarvan hulle nou bewus geword het. God het hulle oë oopgemaak om die werking van sy koninkryk te verstaan.

Ons eie vooroordele maak ons blind vir die groot momente in die koms van God se koninkryk. Dit wat as 'n geestelike triomf beskou moet word, word as gevolg van verkeerde gesindhede somtyds deur gelowiges betreur. Bid dat God ons oë sal open om sonder enige vooroordele saam met die engele in die hemel bly te wees oor een sondaar wat tot bekering kom. Gelowiges ervaar blydskap as hulle insig in die koms van God se koninkryk ontvang. Wees dus bly om die regte redes voordat jy om die verkeerde rede verwyd.

Sing: Psalm 71:9,10

Ds IW Ferreira (Magol)